# WAT KAN EK LEES?

*deur Elizabeth Tredoux*

EK sit en ys. Etienne Leroux se eerstelingroman *Die Eerste Lewe van Colet* (17s.) — ook die eerstelingpublikasie van die uitgewery Culemborg wat terloops darem 'n Afrikaanse proefleser sal moet aanskaf! — het verskeie mense gaande. Ek hoor hulle sê dit is die eerste roman in Afrikaans. 'n Nuwe geluid in ons letterkunde, stellig; maar as die geluid die doh is vir die volgende lied wat ons letterkunde gaan aanhef, ai my, kinders, ai my. Wie wil my werk hê? Ek gee huur op.

Sou ons werklik aan die begin staan van 'n tydperk van pynlike, eindelose selfontleding in ons letterkunde, van intense, mikroskopiese preokkupasie met klierwerkinge en die gevoelsdeininge van die barre selfbehepte hart? Maar laat ons verwikkelinge maar nie vooruitloop nie.

Wat beskryf word in „Colet" is die emosionele ontwaking en ontwikkeling van die seun Colet van Velden. Hy is die enigste, seer sensitiewe, kind van 'n gegoede vooraanstaande en na my mening regtig naar snobberige Afrikaanse huisgesin. Vir hom is daar twee wêrelde: „Die sitkamerwêreld van blou sajetbroekies en syhempies; mooi, soet, pappa se kind en sagte wit hande" — die skrywer lê ons die aanhaling feitlik in die mond! — en „daarnaas, sonde donker, hel — en die ruisende see." Want soetseuntjie se kindermeid



Agter die toonbank is daar 'n leeskansie voordat die volgende klant kom.

| | |
|---|---|
| Die Eerste Lewe van Colet .. .. | Etienne Leroux |
| Van Steenbok tot Poolsee .. .. | Peter Blum |
| Geboorte, Huwelik, Dood .. .. | Dr. P. S. Dreyer |
| Die Serebraalgestremde Kind .. | Dr. [illegible] |
| Suid-Afrika, Waarheen? .. .. | Dr. [illegible] |

* Al die pryse van die boeke [illegible] die posgeld in.

Sarie Marais, 30 Mei 1956

Sara loop stiekkem af dokke toe met hom en by haar en haar „ghietse" leer hy vloeke en seks ken as iets uit 'n opwindende verbode wêreld waarvan die diep donker basrote van die vragbote 'n lewelange sinnebeeld word. Ons volg seun en jongman deur opeengestapelde hoofsaaklik seksueel-emosionele avonture — kindermeid. witmeisie skooldogter, onderwyseres, homo-neef kortliks godsdiens, universiteitsnooiens en etlike ander — en altyd slinger hy tussen die onversoenbare pole wat reeds in sy jeug vir hom geskep is soek hy vrugteloos na sintese. Nou ja en toe is hy op die ou end onmagtig as hy, wanneer hy groot is, eendag regtig by die onder wyseressie kan slaap en dan vlug die skrywer maar leër toe met hom.

„En vorentoe, Colet — in die wildernis."

Mans lyk dit, vind hierdie boek heelwat meer boeiend as vrouens. Ek skat dit moet die onderwerp as sodanig wees wat hulle interesseer. In hierdie heeltemal openhartige studie van die adolessente jare van 'n intens self-bewuste seun vind hulle miskien vir die eerste keer in Afrikaans 'n blootlegging van dinge waarvan hulle in meer of minder mate tevore vaag bewus was in hulself. In die verband het die boek dan seker ook 'n bydrae om te maak. Dit vra ook respek vir die manier waarop die onderwerp openlik maar sonder 'n sweem van pornografiese uitbuiting behandel word (maar onthou darem daar is mense wat so saamgestel is dat hulle selfs die Hooglied van Salomo onsedelik vind) en die skrywer toon 'n meer as gewone gevoeligheid vir emosionele nuanse — al is

(Na bl. 28)

## WAT KAN EK LEES? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . (Van bl. 9)

dit op beperkte toonleer. Daar is ook knap stukkies wat snedig afreken met konvensionele huigelary, en kleingeld maak van 'n karakter soos die godsdiensherlewingsprediker se intieme op-kussings-om-die-kaggelvuur sekretarissie. Die geheel is aangebied in 'n nugter objektiewe styl wat selfs nie vir die Kinseyrapport hoef agteruit te staan nie en, altans 'n ent weg verfrissend is om in Afrikaans aan te tref.

En tog, as die groot woord moet uit, die boek het my gruwelik verveel. Redesoekend hiervoor dink ek dit is dat die skrywer nie reggekry het om enige spanning in sy vertelling te skep nie — ook van die botsing tussen die twee wêrelde wat hom voor die hand lê, kon hy nie gebruik maak om aan sy roman die onontbeerlike vormstewigheid van 'n eersterangse werk te gee nie. Hy booorrrrrr alte veel soos 'n houtkewer knaend op een toonhoogte deur episode na episode na episode — onverbiddelik in die kliniese konsentrasie waarmee hy sy karakter agtervolg. Vir 'n gemiddelde leser is daar nie die verposing wat werklik skeppende taal of die deurskemering van iets groters, ruimers as die adolessente gevoelswêreldjie bring nie — dié dinge wat die lees van 'n boek soos die nogal verwante *Portrait of the Artist as a Young Man* van James Joyce 'n soveel ryker ondervinding maak. By Colet is dit asof die skrywer, in weerwil van al die objektiwiteit van sy styl, tog nog te veel Colet is om die seun as bevredigende romankarakter te kan teken. Miskien is dit dit wat sy leser die beklemmende klaustrofobie en die enge, leeg, uitgeputte gemoedstoestand besorg waarmee jy uiteindelik die boek toemaak. Mens voel jy sou — alles in ag geneem — tog niks wesenlik waardevols misgeloop het as jy dit nie gelees het nie. Sien, Paulus was reg: Wie die liefde nie het nie ... Dis kennelik afwesig in hierdie boek.

PETER BLUM se digbundel, *Van Steenbok tot Poolsee*, is ook 'n eerstelingwerk waaroor daar kant gekies word; ook so 'n stukkie Afrikaanse avante garde, in 'n sin, ditmaal uitgegee deur die Nasionale Boekhandel (15s. 6d.) Nie die boek vir dié vir wie die poësie die tradisionele „zacht-oogige maagd" is nie; trouens selfs eintlik nie 'n